

## Wenke vir snoei van rose.

BAIE tuiniers (ervare en onervare) vereenselwig dikwels die woord "snoei" met "stres". Dit behoort egter nie so te wees nie. Met die regte toerusting en 'n paar riglyne kan almal die nodige snoeiwerk binne 'n japtrap suksesvol afhandel.

Tydsberekening speel 'n belangrike rol en dit het tradisie geword dat tuiniers die derde naweek in Julie opsy sit om hul rose te snoei. Teen die tyd het die ogies gewoonlik begin swel, maar nuwe lote het nog nie verskyn nie. Dit is dus die ideale tyd om die snoeiskêr in te span en van ou, ongewenste groei ontslae te raak om sodoende die uitloop van nuwe, gesonde takke aan te moedig.

'n Tuinsorg- en plaagbeheerdeskundige, gee die volgende raad vir die snoei van rose:

### TOERUSTING:

Gebruik 'n skerp, roes-bestande snoeiskêr.

Bespuiting met kalkswael is noodsaaklik om insekte en swamsiektes te bestry. Kalkswael is 'n swamdoder wat die spore van swamsiektes vernietig en ook enige insekte en eiers wat op die plant agtergebly het, doodmaak.

Gebruik kalkswael as 'n dekbespuiting op die kaal takke van rose - spuit slegs op kaal takke, aangesien dit loof en blaarknoppe kan beskadig. Kalkswael hou nie lank wanneer dit verdun is nie - meng slegs genoeg vir een bespuiting op 'n slag.

'n Verseëlmiddel sal help om swaminfeksies en terugsterwing te voorkom. Steriseal, 'n swamdoder-pasta, word in 'n buisie verpak en benodig geen vermenging vooraf nie. Dit verminder die moontlikheid van ontsteking in snoeiwonde en terugsterwing op takke. Dit verhoed ook dat siektes die plantweefsel deur die snitoppervlak binnedring.

Onthou die kunsmis. Dit voorsien die nodige voedingstowwe oor die groei van die nuwe seisoen te verseker.

### TEGNIËK:

Snoei die plant in 'n koppie-vorm.

Selekteer goed-gespasieerde, sterk jong en gesonde takke en stamme om terug te sny.

Oormatige snoei dien geen doel nie en mag tot gevolg hê dat die plant agteruitgaan.

Te hoë en langsteel-variëteite kan soms swaarder gesnoei word om oormatige blootstelling aan wind te verminder om so die wortelstelsel teen beskadiging te beskerm.

Verwyder alle beskadigde, dooie en swak lote, asook die wat deur die middel van die roosboom groei.

Maak alle snitte bokant 'n gesonde nuwe ogie, en verseker dat dit "skoon", netjiese snitte is, sodat die hout nie kneus nie.

Rose wat medium-grootte is, kan tot ongeveer kniehoogte teruggesny word, andersins, sny terug tot sowat een-derde van die oorspronklike planthoogte oorbly. Trosrose - snoei totdat sowat twee-derdes van die oorspronklike planthoogte oorbly. Miniaturrose benodig min snoei - verwyder slegs dooie en swak takkies.

Verseël snoeiwonde met Steriseal.

Spruit met kalkswael.

Dien kunsmis toe om 'n gesonde drag blomme aan te moedig. Wonder Rose is spesifiek vir toediening op rose saamgestel.

<http://phantocomp.weebly.com>